



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

Statistiek 123 (STK 123)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Modulekrediete	12.00
Programme	BAdmin Openbare Bestuur BCom Bemerkingsbestuur BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BCom Entrepreneurskap BCom Informatika: Inligtingstelsels BCom Kommunikasiebestuur BCom Menslikehulpbronbestuur BCom Ondernemingsbestuur BCom Opsie: Voorsieningskettingbestuur BCom Regte BCom Rekreasie- en Sportbestuur BA Option: Sport- en Rekreasiebestuur BScAgric Landbou-ekonomie: Agribesigheidsbestuur BVerbruikerswetenskap Gasvryheidsbestuur BVerbruikerswetenskap Kleding: Kleinhandelbestuur BVerbruikerswetenskap Voedsel: Kleinhandelbestuur BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	STK 113 GS
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 1 praktiese sessies per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Statistiek
Aanbiedingstydperk	Semester 2



Module-inhoud

*STK 113 en 123 tel op sigself nie as krediet vir graaddoeleindes nie, maar verleen vrystelling van STK 110.

Optimeringstegnieke met ekonomiese toepassings:

Datatransformasies en verwantskappe met ekonomiese toepassings: bewerkings en reëls, lineêre, kwadratiese, eksponensiële, hiperboliese en logaritmiëse funksies, stelsels van vergelykings in ewewig, stelsels van lineêre ongelykhede, oplossing van lineêre programmeringsprobleme met behulp van die grafiese en hoekpuntmetodes. Toepassings van differensiasie en integrasie in statisties- en ekonomiesverwante probleme: die limiet van 'n funksie, kontinuïteit, veranderingstempo, die afgeleide van 'n funksie, differensiasiereëls, hoërorde- afgeleides, optimeringstegnieke, die oppervlakte onder 'n kromme en toepassings van bepaalde integrale.

Waarskynlikheidsleer en inferensie:

Inleidende waarskynlikheidsleer en teoretiese verdelings. Steekproefverdelings. Beramingsteorie en hipotesetoetsing van steekproefgemiddeldes en steekproefverhoudings (een- en twee-steekproefgevalle). Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakkette en statistiese tegnieke. Die weeklikse een uur prakties word gedurende die laaste sewe weke van die semester aangebied.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.